



AgEcon SEARCH
RESEARCH IN AGRICULTURAL & APPLIED ECONOMICS

The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
<http://ageconsearch.umn.edu>
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

DIE OORSAKE VAN BEDRYFSKONSENTRASIE IN DIE ROOIVLEIS-BEDRYF VAN SUID-AFRIKA IN PERSPEKTIEF

Frederick C.v.N. Fourie

Professor, Departement Ekonomie, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Bloemfontein

Wilbie Venter

Landbou-ekoonom, Vleisraad, Pretoria

Onvoldoende bewyse bestaan vir 'n sentiment dat die bedryfskonsentrasie in die rooivleisbedryf hoofsaaklik of selfs uitsluitlik voor die deur van die Vleisraad se Vleisskema gelê kan word. Bedryfskonsentrasie het reeds voor die ontstaan van die Vleisraad en die skema bestaan, en sou waarskynlik in elk geval plaasgevind het. Die Vleisraad het na alle waarskynlikheid hoogstens 'n bydrae tot die momentum en instandhouding van die konsentrasieproses verleen. Tweedens, konsentrasie kan nie simplisties as die gevolg van owerheidsinmenging gesien word nie. So 'n siening misken die problematiek van ekonomiese magkonsentrasie en effektiewe mededinging. Die waarheid is waarskynlik veel meer genuanseerd. Derdens, wat beleid betref moet 'n eng en sydige identifikasie van 'n enkelvoudige (vermeende) oorsaak nie as basis dien vir 'n ewe enkelvoudige beleidsvoorstel nie. In teenstelling met sekere argumente, sal 'n ongereguleerde sisteem die konsentrasievlakke in die rooivleisbedryf waarskynlik onveranderd laat. 'n Meer verbeeldingryke uitweg sal gesoek moet word as blote staats-onttrekking en deregulering.

The causes of trade concentration in the red meat industry of South Africa in perspective

Inadequate proof exists for the sentiment that the current trade concentration in the red meat industry can primarily or even exclusively be laid at the door of the Meat Board's Meat Scheme. Trade concentration already existed prior to the establishment of the Meat Board and the Scheme, and would probably have taken place in any case. The Meat Board most likely only contributed to the momentum and maintenance of the concentration process. Secondly, concentration cannot be regarded simplistically as being the result of government interference. Such view is a denial of the problematic nature of economic power concentration and effective competition. The truth probably contains many more nuances. Thirdly, as far as policy is concerned, the narrow and one-sided identification of a simple (alleged) cause should not serve as a basis for an equally simple policy proposal. Contrary to certain arguments the concentration levels in the red meat industry would probably remain unchanged in an unregulated environment. A more creative solution than simple government withdrawal and deregulation will have to be sought.

1. Inleiding

Die Vleisraad het vanaf 22 Januarie 1993 van alle direkte beheermaatreëls in die rooivleisbedryf afstand gedoen (Departement van Landbou, 1993). Die enigste Bemarkingswet-magtiging wat tans deur die Vleisraad gebruik word, is die statutêre vordering van universele heffings om 'n verskeidenheid funksies uit te voer. Hoewel beheerde rooivleisbemarking iets van die verlede is, is die kritiek dat die gemeenskap opgeskeep sit met die erfenisse van beheerde rooivleisbemarking, onder meer 'n sterk gekonsentreerde rooivleishandel tussen die produsent en die verbruiker. Daaruitspruitend word gepleit vir 'n beleid van totale afskaffing van owerheids-beheer oor die rooivleishandel. Hierdie bydrae wil bedryfskonsentrasie in die rooivleisbedryf, en die beleids-aspekte daarrondom - spesifiek in die lig van uitsprake die afgelope twee-en-n-half jaar - in perspektief plaas.

Konsentrasie in die rooivleisbedryf is deur Lubbe (1991, 1992a) gedokumenteer, met die dominasie deur die sogenaamde Groot Drie - Vleissentraal, Kanhym en ICS - as uitstaande kenmerk². Naas hul dominante markaan-deel, is 'n gemeenskaplike kenmerk van die Groot Drie (a) die uitgebreide vertikale integrasie deur middel van voerkrale, abattoirs en kleinhandelspunte, asook (b) uitgebreide horisontale integrasie deur middel van vleisverwerking, huid- en vellehantering, looierye, en lewendehawe-agente. Die vierde faktor in die rooivleis-bedryf is die Abattoirkorporasie, wat tot dusver hoof-saaklik 'n slagfunksie verrig het.

Lubbe (1991, 1992a) se empiriese bepaling van die konsentrasie-intensiteit op elke bedryfsvlak is 'n belang-rike bydrae, en word nie bevraagteken nie. Wat aan die orde is, is gevolgtrekkende stellings deur Lubbe (1991, 1992b) en Darroch (1992) wat na aanleiding van die empiriese navorsing gemaak is³ asook, veral, 'n verband-houdende, maar meer algemene sentiment wat in een of ander vorm dikwels aanwesig is in beleidsgesprekke.

Die kern van hierdie sentiment is dat geïmpliseer word dat die rooivleisbemarkingskema die *vernaamste* oorsaak van die bedryfskonsentrasie is, asook die *vernaamste* onderhoudende krag van sodanige bedryfskonsentrasie. Tydens 'n besprekingsgeleentheid rakende die toekomstige rol van beheerrade (gereël deur die Landbou-ekonomievereniging van Suider-Afrika [LEVSA] se Transvaal-aksiegroep, Julie 1992), is bogenoemde siening sterk gepropageer. Dit is ook tydens 'n televisiedebat oor rade se aandeel aan 1992 se hoë voedselprijs, ten opsigte van die rooivleisbedryf gemeld en tydens die 1992-LEVSA-kongres se konsentrasiewerkswinkel herhaal (volgens Darroch, 1992:333). Verder is die standpunt ook onlangs gesuggerer in die "Land and Agriculture Policy Centre" se verslag oor rooivleisbemarking. Hiermee saam is tydens die genoemde LEVSA-geleentheid in Julie 1992 in die algemeen betoog dat vorme van owerheidsinmenging in die ekonomie die grondliggende rede (selfs die alleenrede) vir ekonomiese magkonsentrasie is; hieruit volg dan dat konsentrasie in die rooivleisbedryf voor die deur van die Vleisraad (synde 'n owerheidsinstelling) gelê moet word.

Die vraag wat hier aan die orde gestel word, is of daar gronde is, of gebied word, vir 'n relatief ondubbelsinnige standpunt dat die huidige bedryfskonsentrasie *hoofsaaklik* (of selfs uitsluitlik) voor die deur van die Vleisraad gelê kan word as (a) die oorsaak en/of (b) die onderhouer daarvan. Tweedens, en belangriker, is die vraag of daar gronde is, of gebied word, vir die daaruitspruitende beleidstandpunt dat owerheidsonttrekking die oplossing is, insluitend die uitgesproke verwagting van 'n meer optimale eindresultaat na so 'n beleidswysiging.

2. Die skema as oorspronklike bron van konsentrasie?

Die fokus hier is nie op die erns of gevolge van die erg gekonsentreerde situasie nie. In die literatuur is daar voldoende bespreking van die vele argumente en getuënis dat konsentrasie dikwels nadelig is vir die algemene belang (bv. Scherer en Ross, 1990). Hierdie skrywers deel die kommer oor die potensiaal vir nadelige optrede in 'n bedryfstak met oormatige konsentrasie, insluitend die vleisbedryf. Die fokus is hier op die identifikasie van die oorsake of *bronne* van konsentrasie én die aanwending van sodanige identifikasie om beleidsaanbevelings te maak. Die kwessie is tot 'n groot mate op die agenda geplaas deur verskeie bydraes van Lubbe - veral sy proefskrif (1992a), maar ook ander skriftelike (bv. 1991, 1992b) en mondelinge bydraes (kyk hierbo). Dit verdien dus nadere ondersoek.

2.1 Die getuënis van Lubbe (1992a)

'n Eerste vraag is of Lubbe (1992a) beduidende inligting bied ter ondersteuning van bogenoemde sienings. Lubbe gee in sy proefskrif nie eksplisiet aandag aan die oorsake van die konsentrasie nie. Hoewel die rooivleisskema wel onder skoot kom, maak Lubbe nie in sy proefskrif spesifiek die bewering dat die rooivleisskema die *enigste* oorsaak van die konsentrasie was nie. Hy sê bv. "(t)he present farm problem can therefore, at least to some extent, be contributed to restrictive governmental intervention" (Lubbe, 1992a:32; ons kursivering). Hier stel hy dus dat die skema nie die enigste of selfs vernaamste oorsaak van probleme is nie. Sy proefskrif bied eger nie 'n deeglike ontleding en meting van al die faktore wat konsentrasie kon veroorsaak het nie. Die belangrikheid hiervan is dat dit nie sonder meer deur enigeen gebruik kan word as grondslag vir 'n standpunt dat die rooivleisskema die hoofoorsaak van konsentrasie is nie. Dieselfde geld vir Lubbe (1991).

2.2 Die skema as 'n bron van konsentrasie?

Dat Lubbe self nie 'n deeglike studie van die konsentrasieproses onderneem het nie, beteken nie dat daar nie duidelike aanduidings bestaan dat die skema wel as 'n bron van konsentrasie gefunksioneer het nie. Dit verdien verdere toeligting.

Vir enige waarnemer is dit 'n openbaring om die vlak van konsentrasie, maar veral die omvang en betekenis van die beheer op die rooivleisbedryf (insluitend die Vleisraad en die rooivleisbemarkingskema) wat tot stand gekom het, te sien. Hoewel die belange van verbruikers een van die gestelde doelstellings was, is dit moeilik om die skema te sien as iets anders as 'n stelsel wat die relatiewe posisie van die rooivleisprodusent/-bedryf relatief tot ander belangegroepes moes versterk, en wat daardeur die materiële welvaart van die rooivleisbedryf-deelnemers relatief tot, of ten koste van, ander belangegroepes wou verbeter. Vergelyk bv. die uitgesproke monopolistiese doelstellings van Vleissentraal (Lubbe, 1992a:35), 'n invloedryke party in die Vleisraad en selfs in die formulering van beleid/wetgewing. Die Vleisraad

se jarelange dominasie deur produsentelede kon nie anders as om die beeld (en selfs die praktyk) te skep dat verbruikersbelangtweede gekom het nie. Die vloerpryskema het natuurlik uitdruklik die doel om produsente te bevoordeel ten koste van verbruikers (in elk geval in die korttermyn).

Opvallende elemente van die stelsel wat betrekking gehad het op die oorsake van konsentrasie, is byvoorbeeld:

- (a) Beheerde/bepaalde toegang tot "beheerde" gebiede/markte
- (b) Verpligte registrasie van produsente
- (c) Verpligte registrasie van abattoirs
- (d) Verpligte registrasie van handelaars
- (e) Kwotas en permitte vir verskaffers (insluitend voerkrale)
- (f) Verpligte slagting en opveiling slegs by beheerde abattoirs
- (g) Verpligte gebruik van lewendehawe-agente (met beperkte getal van laasgenoemde, wat ook moet registreer); kopers/agente by veiling moet aan sekere vereistes voldoen vir registrasie
- (h) Heffings betaalbaar deur verskaffers
- (i) Permitte vir beweging van vleis in 'n beheerde gebied in (of tussen beheerde gebiede)
- (j) Streng higiëne-vereistes op alle abattoirs, handelaars ens.
- (k) Kwota-bepoering op vleis invoere (en -uitvoere)

Hoewel Lubbe (1992a) dit nie self doen nie, kan die leser van sy proefskrif wel voorbeelde identifiseer wat ondersteuning bied vir 'n gevolgtrekking dat die skema 'n bron van konsentrasie kon gewees het:

- (a) Die bykans noodlottige effek van baie hoë higiëne-vereistes op klein en privaat abattoirs, veral in die platteland. Dit het duidelik die ekonomiese posisie van die beheerde abattoirs versterk (Lubbe, 1992a:21). ABACOR het ook baie munisipale, abattoirs oorgeneem, en het uiteindelik 'n totaal dominante posisie in die beheerde abattoirmarkt gehad.
- (b) Die beheerde bemarkingsstelsel, wat stedelike markte belangrikheids- en prysgewys bevoordeel het, het klaarblyklik bygedra tot die agteruitgang van plattelandse abattoirs (Lubbe, 1992a:20).
- (c) Die sterk rol van Vleissentraal as koöperatiewe monopolie-verskaffer: reeds in 1940's het Vleissentraal 'n amper-monopolie in die verskaffing van lewende hawe aan die beheerde markte gehad (Lubbe, 1992a:17).
- (d) Die Vleisraad (met Vleissentraal reeds in invloedryke posisie) het toe al die aanbod in die beheerde gebiede beheer (Lubbe, 1992a:17), en het ook abattoir-agente aangewys. Vleissentraal is deur die Vleisraad aangewys as abattoir-agent in groot stedelike markte.
- (e) Die argument dat die skema teen klein produsente gediskrimineer het deurdat hulle feitlik gedwing is om deur groot, vertikaal-geïntegreerde firmas/voerkrale te bemark (Lubbe, 1992a:34; 150). ("Feedlots" kry voorkeur- en versekerde marktoegang onder die permit/kwota-stelsel (Lubbe, 1992a:150).)
- (f) Die argument dat die skema die groot produsente en handelsorganisasies beskerm het (Lubbe, 1992a:34).
- (g) Die argument dat die klein produsente en handelaars effektief die groot produsente en handelaars gesubsidieer het (Lubbe, 1992a:34); die heffings speel hier 'n beduidende rol in die

- finansiering van die skema en van die groot abattoirs (1992a:47).
- (h) Die stelsel sowel as die beperkte fasiliteite by veilings het die aantal kopers tot 'n klein, geslote groep beperk (Lubbe, 1992a:186).
- (i) Daarby weet 'n mens natuurlik nie presies hoe suiwer en sonder bevoordeling elemente van die skema (bv. permitte) toegepas is nie. Uiteraard skep die diskresie wat in die skema ingebou is, moontlikhede vir die bevoordeling van geselekteerde partye, wat dan hul posisie in die mark kon versterk ten koste van ander. Die sterk rol van die dominante ondernemings in die Vleisraad kan hierdie vermoede versterk.

Wat ookal die bedoeling van sulke elemente van die skema was, 'n mens moet toegee dat hulle in alle waarskynlikheid die effek gehad het om toetrede en nuwe mededinging te bemoeilik en te beperk. Dit het die posisie van bestaande deelnemers beskerm en was dus 'n bron van konsentrasie, of het ten minste bestaande konsentrasie in stand gehou. Dat die konsentrasie nie tekens van afname toon nie, ondersteun hierdie bevinding.

In geheel lyk dit of daar geldigheid kan wees in die bewering dat elemente van die skema 'n bron van konsentrasie kon gewees het, en waarskynlik was.⁵ Laasgenoemde bevinding beteken egter glad nie dat die skema die enigste of selfs die vernaamste bron van konsentrasie was nie - die strydpunt wat nou aan die orde is. Soos hieronder bespreek word, was 'n hele aantal ander potensiele oorsake aanwesig. 'n Mens sal dus 'n baie deeglike en gedetailleerde mikro-vlak ondersoek van historiese gebeure in die rooivleisbedryf, insluitend die ontstaan en groei van die vernaamste ondernemings betrokke by die Groot Drie, moet doen voordat die konsentrasie sonder meer voor die deur van die Vleisraad gelê kan word of voordat die *relatiewe* bydrae van die skema tot die bestaande konsentrasievlakke kwalitatief of kwantitatief bepaal kan word - iets wat nog nie gedoen is nie.

2.3 Konsentrasie in die rooivleisbedryf vóór die Vleisraad

'n Tweede kritiese vraag is wat die toestand in die rooivleisbedryf was vóór die instelling van die skema en die stigting van die Vleisraad. As konsentrasie uitsluitlik of selfs hoofsaaklik voor die deur van die Vleisraad gelê wil word, moes daar voor die stigting van die Vleisraad in 1934 'n toestand in die rooivleisbedryf geheers het wat ten minste na effektiewe kompetisie geneig het.

Die toestand in die rooivleisbedryf voor Augustus 1934 word beskryf deur Deacon (1982). Dit is voldoende om slegs enkele hoofmomente te noem. Reeds in 1861 was die firma, Combrinck en Kie., sterk in die vleishandel gevestig. Die firma is in 1899 deur die South African Supply and Cold Storage Company oorgeneem. Hierdie firma (waarvan die geskiedenis nie verder vermeld word nie) het "gefloreer" deur die kontrak vir vleisvoorsiening aan die Britse troepe tydens die Tweede Vryheidsoorlog te verkry.

In 1902 het Cecil John Rhodes daarin geslaag om De Beers Cold Storage ('n mynbelangegroep) deur Imperial Cold Storage Supply Limited (ICS) te laat oorneem. Die belangstelling van die mynmagnate (onder andere van De Beers, Barnato Bros en JCI) in die vleisnywerheid was toe te skryf aan hul oortuiging dat die mynbedryf buitensporige pryse vir vleis aan die vleishandel moes betaal. Vyf maande na die oornome verstewig ICS sy "monopolie" deur meer maatskappye uit te koop. In 1903 ver-

kry ICS ook die meerderheidsaandeelhouding in die Transvaalse Koelkamers Beperk, 'n onderneming wat met spesiale vergunning van die Zuid-Afrikaanse Republiek in 1898 opgerig is. Volgens die geskiedskrywer het ICS met hierdie stap feitlik 'n "algehele monopolie" bewerkstellig (Deacon, 1982:16).

Die swak bedingingsmag van die produsente relatief tot die bedingingsmag van die gekonsentreerde handel, is verder verswak deur die droogte van die tyd. Hierdie situasie was die stimulus vir die stigting van Vleissentraal (aanvanklik onder die naam Kaap Centraal) op 28 Junie 1932 met twee produsentekoöperasies as lede, asook van die Vleisraad op 4 Augustus 1934. Verwysende na die haglike toestande in die rooivleisbedryf voor die Vleisraad se stigting, word die volgende gedokumenteer, met duidelike implikasies vir die stand van mededinging: "die groothandel was natuurlikerwys beter in staat om te konsolideer as die boere en het onder andere ooreenkomste met hul verskillende lede aangegaan om mededinging by die aankoop van vee op markte asook verkope aan kleinhandelaars te beperk" (Vleisraad, 1984:19). 'n Regeringsondersoek het aan die lig gebring dat die Johannesburg-mark (wat as barometer ten opsigte van marktendense en pryspele vir die Unie gedien het) nie 'n vrye mark was nie. Beheer oor mededinging deur groothandelaars was praktyk en dit is bevind dat dit "feitlik onmoontlik" was vir enigeen anders as diegene wat vir die reëlins verantwoordelik was, om vee op die Johannesburg-mark te bekom (Vleisraad, 1984:19). Hierdie ondersoek het in 1932 tot die aanstelling van die voorloper van die Vleisraad gelei, naamlik 'n raad van drie lede met die Sekretaris van Landbou as voorsitter (Vleisraad, 1984:20).⁶

Bostaande kort historiese terugblik bevestig 'n kritiese punt, naamlik dat die mynhuise se vleis-onderneming (ICS) die mark gedomineer het nog voordat Vleissentraal ontstaan het. Vleissentraal is juis gestig as koöperatiewe teenvoeter vir ICS. Dit beteken daar was beduidende private konsentrasie voordat Vleissentraal en die rooivleisskema (owerheids-"inmenging") tot stand gekom het.

In hierdie verband stel Lubbe (1992a:34) dit as volg: "the centralization of cooperative meat marketing [Vleissentraal] through affiliation of various small and large cooperatives started as a defence against the highly monopolised meat industry of the financial powerful mining industry (which acquired and controlled ICS) during the financial difficulties and drought farmers experienced in the depression years". In 'n opsommende paragraaf (Lubbe, 1992a:19) stel hy onder meer dat die beheerde bemarkingstelsel die *resultaat* (maar ook medium) was van die magstryd tussen die koöperatiewe bemarker (Vleissentraal) en die mynhuise (Imperial Cold Storage).⁷

As die skema egter die *resultaat* was van 'n stryd tussen reuse (Vleissentraal versus ICS), beteken dit dat dit nie soseer die oorspronklike *oorsaak* van hul "reusagtigheid" kon gewees het nie - altans nie uitsluitlik of in elk geval nie aanvanklik nie. (Natuurlik kon dit wel daartoe bygedra het dat geen beduidende nuwe deelnemers later tot die mark toegetree het nie, d.w.s. om die konsentrasie in stand te hou. Maar dit is 'n ander kwessie.)

3. Ander redes vir konsentrasie

Dit bring die vraag na vore of konsentrasie in die vleisbedryf nie in elk geval sou voorgekom het nie, al was daar geen bemarkingskema nie. Alhoewel geen historiese eksperiment uitgevoer kan word nie, kan sekere aanduidings tog verkry word. Wat hier aan die

orde kom, is oorsake van konsentrasie anders as owerheidsoprede alleen.

3.1 Die konsentrasieneiging as endogene verskynsel

Sogenaamde "normale" bedryfsekonomiese motiewe en redes kan 'n beduidende rol speel in die verklaring van konsentrasie. Hier kan onderskei word tussen (a) *bona fide* redes en (b) redes gekoppel aan die immer aanwesige strewe na dominasie van 'n marksituasie, waarvan albei kan lei tot konsentrasie. Laasgenoemde is egter besonder belangrik. Hoewel dalk "normaal", is dit dikwels die bron van vele ekonomiese ongeregtighede, beperkende praktyke en uitbuiting. Vergelyk bv. die klaarblyklike poging van die Groot Drie om die uitbreiding van abattoir-kapasiteit vir 10 jaar te staak/beperk, terwyl hulle saam 73,5% van die abattoir-mark beheer (Lubbe, 1992a).

'n Mens moet beseft en erken dat die magstrewende 'n immer aanwesige deel van 'n kapitalistiese ekonomie is. Lubbe sê self: "It is understandable that these firms (the Big Three) would inevitably engage in a concentration process towards a monopolistic position because it is the basic tenet of firms in a capitalistic environment" (1992a:51). Die neiging tot konsentrasie is skynbaar inherent (of endogeen) aan moderne ekonomieë. Alhoewel "(t)his concentration took place under the protection of the Marketing and Cooperatives acts and with preferential treatment by the Meat Board" (Lubbe, 1992a:51), beteken dit nie dat hierdie omstandighede die konsentrasie noodwendig of grotendeels veroorsaak het nie.

Dit beteken die strategiese optrede van, en wyse van mededingende interaksie tussen, ondernemings is dikwels sodanig dat dit lei tot konsentrasie of dominasie deur 'n paar groot ondernemings. Die dikwels teenwoordige motief by ondernemers om 'n posisie van dominasie in te neem is en bly 'n sterk bron van konsentrasie. Dit is 'n tendens wat dikwels voorkom, met of sonder die hulp van 'n Staatskema. Lubbe noem dat die oorsaak-gevolgreelasies tussen markstruktuur en mededinging kompleks is: "a market structure could result in a certain form ... of competition or the nature of competition could result in a certain market structure" (Lubbe, 1992a:100, ons kursivering). Owerheidsoprede is maar een faktor wat markstruktuur kan veroorsaak (Lubbe, 1992a:101). Lubbe verdiskonteer egter nie hierdie insig genoeg nie.

Daar is dus alle rede om te vermoed dat konsentrasie in die vleisbedryf in elk geval sou voorgekom het, al was daar geen bemarkingskema nie. Om een voorbeeld te noem: ICS en Kanhym se posisie spruit klaarblyklik nie direk uit die skema as sodanig nie, en het in elk geval bestaan voor die instelling van die skema. Dit geld ook Vleissentraal se reeds vroeë dominante posisie as koöperatiewe instelling. Lubbe sê baie weinig oor die vraag waarom ICS en Kanhym-Karoo in dominante produsente ontwikkel het, en wat die spesifieke rol van die bemarkingskema hierin sou kon gewees het. Dit sou tog nodig wees om dit ook aan te toon, indien 'n mens die skuld vir konsentrasie alleen op die rooivleisbemarkingskema wil plaas. (In elk geval is meer vorme van statutêre inmenging as slegs die Bemarkingswet ter sprake.)

Dit beteken dat ander "normale" bedryfsekonomiese faktore waarskynlik beduidend saamgespeel het om konsentrasie in die rooivleisbedryf te veroorsaak. Soortgelyke ontwikkelings word ook gevind in die VSA.⁸ 'n Ander voorbeeld wat dieselfde punt illustreer, is die Suid-Afrikaanse braaikuikenbedryf. Dit was nie aan statutêre inmenging spesifiek gevolg die Bemarkings-

wet onderworpe nie, maar toon insgelyks hoë vlakke van konsentrasie, naamlik 67 persent van die mark (gebaseer op produksie) in die hande van twee konglomrate, elk met twee handelsmerke (Vleisraad, 1992:68).

3.2 Die skema as gevangene van die geregleerdes?

'n Ander moontlikheid is dat dit nie soseer die bemarkingsstelsel is wat konsentrasie veroorsaak het nie, maar dat Vleissentraal die skema en die Vleisraad eenvoudig gebruik het vir sy eie doelstellings en voordeel. Sonder Vleissentraal se sterk posisie sedert sy stigting sou die proses moontlik heel anders kon verloop het.

Die waarheid kan wees dat Vleissentraal die stelsel so gemanipuleer/gestuur het dat hy sy eie dominasie kon versterk. *So kon die stelsel die proses van konsentrasievorming aangehelp en vergemaklik het: Vleissentraal het skynbaar die stelsel gekaap tot diens van sy eie monopolistiese motiewe.* Hierdie element word skynbaar in die huidige debat geïgnoreer. (Lubbe (1992a:28) noem dat in die meeste nadenke oor landboubemarking "motives of protection and monopolistic control are solemnly ignored".)

Eintlik lyk hierdie baie na 'n klassieke geval waar die reguleerder deur die geregleerde (die Groot Drie) "gevang" word ("the regulator is 'captured' by those he is supposed to regulate"). Die Staat stel dalk met goeie bedoelings 'n skema in, maar is aangewese op die produsente vir die detail, en uiteinlik ook vir die vorm en bestuur van die skema. Uiteraard sal produsente dan die skema so inrig dat dit hul belange pas, en nie noodwendig die algemene belang nie.

Dit beteken dit was nie soseer die Staat se "inmenging" nie, maar die kaap daarvan deur sekere belange wat dinge laat skeef loop het. Daar is tog nie teen die sin van die groot deelnemers deur die Staat ingemeng nie. Intendeel, dit het met hul goedkeuring en deelname geskied.

'n Meer simpatieke siening sou kon wees dat die skema dit vir Vleissentraal moontlik gemaak het om 'n posisie van dominasie te bereik en sodoende aan die ander twee magte (Kanhym en ICS) 'n vorm van mededinging te verskaf. So 'n siening ignoreer egter die langtermyn mededinging- en toetredbeperkende effek van die skema - die instandhouding van die dominante posisie van die Groot Drie oor 'n lang tydperk - asook die mate waarin Vleissentraal klaarblyklik die voordele wat die skema verskaf het, tot sy uitsluitlike eie belang - i.p.v. die algemene belang - gebruik het. So 'n siening moet dus ietwat skepties bejeën word.

Dat die skema 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die momentum van 'n endogene konsentrasieproses, is in alle waarskynlikheid waar. Dit het waarskynlik grootliks gebeur omdat die skema vir veral een dominante onderneming, Vleissentraal, 'n middel geskep het om die vleisbedryf so te stuur dat dit sy eie belange gedien en sy dominante posisie versterk het. Daarby het dit hoogswaarskynlik 'n rol in die instandhouding van die huidige gekonsentreerde situasie gespeel.¹⁰ Maar dit alles impliseer dat die verklaring van die konsentrasieproses meer ingewikkeld is as wat in simplistiese vingerwysings erken word.

3.3 Algemene oorsake van konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie

Verdere perspektief op konsentrasie in die rooivleisbedryf spruit uit nadenke oor konsentrasie as algemene

verskynsel in moderne ekonomieë en in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die besonder. Soos bekend is die Suid-Afrikaanse ekonomie erg gekonsentreer (Naudé, 1986). Verskeie redes vir hierdie konsentrasie is reeds gemeld (bv. deur Du Plessis, 1978; Tregenna-Piggott, 1980; Naudé, 1986; Leach, 1990; Reekie, 1990; Darroch, 1992). Sonder om hier die meriete van elk te beoordeel, word die volgende potensieële oorsake gelys:

- a) Ondernemings wat, ongeag van uitsetvolumes, konstant teen laer kostestrukture as die van mededingers bedryf word;
- b) ondernemings wat konstant beter entrepreneurskap as mededingers openbaar;
- c) skaalvoordele, d.w.s. waar produkte goedkoper in groot volumes geproduseer word (bv. waar gespesialiseerde of skaars hulpbronne en duur produknavorsing noodsaaklik is, of waar hoë kapitaalintensiteit nodig is);
- d) grootskaalse diversifikasie van produkte, wat die impak van die besigheidssiklus versag;
- e) beperking van risiko en onsekerheid - konsentrasie bevorder die inligtingsfunksie in ondernemings (wat onder meer investerings- en bemarkingsbesluitneming vergemaklik);
- f) die relatiewe klein Suid-Afrikaanse ekonomie, wat die grootte van markte beperk (in die sektore waar skaalvoordele wenslik of noodsaaklik is, gee dit noodwendig aanleiding tot konsentrasie);
- g) sanksies teen RSA-uitvoere, valutabeheer en die swak prestasie van die Rand, wat markuitbreiding deur plaaslike ondernemings tot die binnelandse mark beperk (in 'n relatiewe klein ekonomie gee dit noodwendig aanleiding tot oornames en samesmeltings);
- h) disinvestering deur buitelandse ondernemings (veral sedert 1985) en die gevolglike verkoop van bates (gewoonlik teen minder as batewaardes) aan plaaslike ondernemings;
- i) invoerbeskerming, byvoorbeeld kwantitatiewe invoerbeheer en invoertariewe, wat plaaslike ondernemings eksplisiet teen buitelandse mededinging beskerm;
- j) implisiete beskerming van plaaslike ondernemings teen buitelandse mededinging deur oorsese ondernemings se onwilligheid om in die RSA te belê ten spyte van die aantreklike finansiële Rand, asook die geografiese isolasie van die RSA relatief tot die internasionale handelsblokke;
- k) die groot gedeelte van 'n relatiewe klein Suid-Afrikaanse ekonomie (ongeveer 'n derde van die BBP), wat aan staatsinstellings verbind word, verminder binnelandse beleggingsalternatiewe (terwyl valutabeheer verder beleggings na die binnelandse mark kanaliseer);
- l) kapitaalbeperkings en kapitaalbesikbaarheid - sekere bedrywe vereis relatiewe groot aanvanklike kapitaalbeleggings (weens byvoorbeeld streng higiënevereistes), en geïntegreerde ondernemings (konglomerate) tree op as interne (private) geld- en kapitaalmarkte vir die konglomerate (of kan voldoende sekuriteit verskaf vir groot plaaslike of oorsese lenings);
- m) belasting op uitgekeerde dividende (nadat maatskappybelasting reeds betaal is), wat veroorsaak dat winste eerder in die betrokke ondernemings teruggeploeg word (en gevolglik die ondernemings se kapitaalbasisse verder versterk);
- n) die historiese kapitaalvag van die mynhuise (reeds voor die einde van die vorige eeu), wat konsentrasie in die privaatsektor tydens die

ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse ekonomie sterk gevestig het;

- o) die Raad op Mededinging het sy werksaamhede eers in 1979 begin en volgens Tregenna-Piggott (1980), het Suid-Afrika ten minste tot 1980 'n "vriendelike" houding jeens monopolieë en oornames gehad in vergelyking met die houding in ander lande (die eerste *antitrust*-wetgewing is reeds in 1890 in die VSA bekragtig);
- p) die historiese ooreguleer van die Suid-Afrikaanse ekonomie, wat kleinsake-ontwikkeling ontmoedig het, tesame met wetgewing wat die nie-blanke bevolkingsgroepe se deelname aan bepaalde ekonomiese bedrywighede voorgeskrif of verbied het en
- q) die totstandkoming van (geprivatiseerde) staatskorporasies, onder andere Eskom, Transnet, Telkom en die Abattoirkorporasie (Abakor), en die gevolglike statutêre beskerming teen mededinging van die owerheid se beleggings in hierdie korporasies.

Bogenoemde redes vir konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie kan nie as losstaande van mekaar gesien word nie. In die praktyk werk die redes vir konsentrasie mekaar in die hand en is hulle nou met mekaar verweef. Dit wissel ook van geval tot geval. Wat egter duidelik is, is dat konsentrasie in die Suid-Afrikaanse ekonomie in die algemeen, of in 'n spesifieke bedryfstak, nie simplisities aan 'n enkele rede (byvoorbeeld vorme van owerheidsinmenging), toegeskryf kan word nie. Die saak is veel meer kompleks en genuanseerd, en die ontrafeling daarvan vereis baie deeglike en, veral, objektiewe ontleding. Dit is nie maklik nie, aangesien die kwessie van konsentrasie en ekonomiese mag een van die heel grootste strydpunte in die ekonomie en die politieke ekonomie is, en wêreldwyd dikwels die slagveld geword het van diep ideologiese geskille.

4. Waarom so 'n eensydige fokus op die rooi-vleisskema?

Dit is verhelderend om te vra wat die redes sou wees vir 'n uitsluitlike fokus op die skema as alleenoorsaak vir konsentrasie, as die rol van ander faktore so voor die hand liggend lyk. Dit antwoord hierop lê op die terrein van die filosofie en ideologie.

Gedurende die afgelope dekade het (in die establishment) 'n intellektuele klimaat van "bevryding van markte" sterk posgevat – in hierdie land die ietwat laat erfenis van die Reagan- en Thatcher-eras (wat in die VSA en Brittanje reeds aan die oorwaai is). Daarom is dit verstaanbaar dat ontleders sensitief sal wees vir wat duidelik lyk na 'n stelsel van uitgebreide beheer, verpligte registrasie, kwotas, permitte, prysvloere, en so meer. Al hierdie is, in die vryemark-idiom, "ongeregverdigde inmenging" in die vrye werking van markte.

In sy proefskrif openbaar Lubbe (1992a) egter tekens van 'n onversigtige en ongenuanseerde gebruikmaking van die sienings van die sogenaamde Chicago-skool. Dit is 'n ekonomiese denkstrooming, gedomineer deur persone soos Milton Friedman in die VSA en, in Suid-Afrika, persone soos Leon Louw (almal mildelik aangehaal deur Lubbe (1992a)), wat 'n ekstreme vryemark-ideologie propageer. In hierdie ideologies-verengde siening is die *enigste* betekenisvolle bron van magskonsentrasie owerheidsinmenging. Dat private ekonomiese mag gebruik en misbruik kan word om mededinging te beperk en/of konsentrasie te veroorsaak en/of in stand te hou vir enige beduidende tydperk, word ontken. Indien 'n private monopolie sou ontstaan, lê die oorsaak in superieure doeltreffendheid; daarby sal toetrede en mededinging dit

spoedig uitwis. Dit is dus hoogstens 'n korttermynverksynsel en geen rede tot kommer nie. In hierdie siening is die owerheid die groot en enigste bedreiger van ekonomiese vryheid.

Lubbe se voorkeur (sydigheid?) in hierdie verband word geïllustreer deur sy ongenanseerde parallel tussen owerheidsoptrede in landbou en "socialistic centrally planned economies" (1992a:30). Vergelyk verder sy "lesse" uit 'n eenvoudige kontrastering tussen stelsels (en "resepte" vir ekonomiese stelsels) van die VSA & Japan enersyds en Oos-Europa andersyds, asook ongekwalifiseerde stellings soos "competition creates opportunities and wealth, whilst control creates monopolies and corruption..." (1992a:34).

Dat hierdie siening ekstreem en ideologies eng is, maak natuurlik nie hul identifisering van owerheidsmaatreëls (soos 'n bemarkingskema) as potensiële bron van beperkings op mededinging ongeldig nie. Wat onder verdenking is, is 'n uitsluitlike fokus daarop.

5. Owerheidsonttrekking as oplossing?

Nog meer onder verdenking is die voorgestelde oplossing - dat owerheidsonttrekking, privatisering, dereguleren en volkome vrye markte sonder meer die geïdentifiseerde probleme sal oplos. Lubbe (1992a) openbaar 'n heeltemal ongegronde optimisme oor wat die resultaat sou gewees het, of in die toekoms kan wees, indien die vleismark vry sou kon opereer (na privatisering en dereguleren).¹¹ Hierdie optimisme ignoreer (a) die ander faktore (kyk hierbo) wat tipies in 'n moderne geïndustrialiseerde ekonomie tot konsentrasie en dominasie deur enkele ondernemings lei, asook (b) die huidige bestaan van 'n erg gekonsentreerde situasie wat noemenswaardige nuwe toetredende en effektiewe mededinging onwaarskynlik maak.

Ongereguleerde markte werk slegs goed in bepaalde omstandighede. In die landbou toon die ooraanbod van landbouprodukte en van boere wat dikwels voorkom (en gelys word as rede vir beheer (Lubbe, 1992a:32)) dat die ongereguleerde mark nie sonder meer alles optimaal reël nie. Net so impliseer biologiese en klimatologiese faktore 'n onvermoë van die aanbodkant om in die kort- en mediumtermyn aan te pas by veranderende vraagtoestande (Lubbe, 1992a:45). Dit verswak ook die rol van prysse as produksiedeterminante, met herhaaldelike tekort en surplussituasies (Lubbe, 1992a:45-46). Al hierdie faktore beteken dat 'n ongereguleerde mark-situasie nie noodwendig glad sal werk nie. Daarby is en bly die immer teenwoordige motief by ondernemers om 'n posisie van dominasie t.o.v. sy teenstanders te bewerkstellig, 'n sterk bron van konsentrasie en 'n nie-ignorerbare faktor wat 'n optimale resultaat in 'n ongereguleerde mark-situasie baie onwaarskynlik maak.

Die voedselbedryf is 'n komplekse bedryf, veral in die huidige politiek-ekonomiese situasie. Hoewel dit volgens Lubbe (1992a) waar is dat die konflikterende doelwitte van bekostigbare voedsel vir die armes, tesame met 'n selfstandige landbousektor, moeilik bereik sal kan word deur een of ander gereguleerde sisteem, is dit ewe onwaar dat 'n ongereguleerde sisteem dit sonder meer sal doen. Gegewe die besondere eienskappe van die landbousektor (volgens Lubbe, 1992a), is die kans goed dat onhoudbare wanbalanse tussen die belange van die verskillende groepe in 'n ongereguleerde sisteem spoedig sal ontwikkel, wat weer (via die politieke proses) sal roep om vorme van owerheidsoptrede om onreg teen te werk. Die bestaan van beheerstelsels in vele lande is waarskynlik 'n aanduiding dat daar - naas die (voorheen belangrike maar tans kwynende?) politieke invloed van die landbou - wel iets intrinsieks in die landboubedryf is wat

dikwels een of ander vorm van owerheidsbemoëning nodig maak (in die algemene belang). Terselfertyd is die feit dat sodanige stelsels selde tevredeheid ontlok en gedurig aan druk vir aanpassing onderhewig is, 'n aanduiding dat dit geen maklike taak is om 'n naastenby optimale stelsel te ontwerp nie, veral nie in 'n dinamiese omgewing nie.

Die tweede belangrike swakpunt van die vryemark-optimisme is om buite rekening te laat dat, gegewe die huidige konsentrasiesituasie, die verdere ontwikkeling van die bedryf in 'n owerheidsvrye bemarkingsomgewing eensins in lyn met 'n optimale situasie hoef te wees nie. Intendeel, vrye markte is nie besonder goed om bestaande konsentrasie ontgaan te maak nie. Die bestaande situasie, met al die te verwagte nadele vir bv. verbruikersbelange, sou bloot waarskynlik onveranderd kon voortduur en selfs vererger. Dit is van kritiese belang uit 'n beleidsoogpunt, want ware vrye markte moet ook vry wees van magmisbruik deur *private* instansies.

6. Slot

Hierdie bydrae argumenteer, eerstens, dat die navorsing van Lubbe (1991; 1992a) onvoldoende bewyse bied vir 'n standpunt dat die huidige bedryfskonsentrasie hoofsaaklik of selfs uitsluitlik voor die deur van die Vleisraad gelê kan word.

Hierdie bydrae probeer nie wegdeneer dat die Vleisraad ('n vorm van owerheids"innemenging" weens sy statutêre magtiging, en ook met 'n statutêre-verpligte produsentemeerderheid op sy raad) 'n besliste aandeel aan bedryfskonsentrasie in die rooivleisbedryf gehad het nie. Wat wel betoog word, is dat bedryfskonsentrasie reeds voor die ontstaan van die Vleisraad en die skema bestaan het, en dat konsentrasie waarskynlik in elk geval in die rooivleisbedryf sou plaasgevind het, met of sonder die bestaan van die Vleisraad. Dit beteken die skema was waarskynlik nóg die oorspronklike nóg die enigste oorsaak van die konsentrasie in die rooivleisbedryf. Ander faktore (normale bedryfs-ekonomiese redes asook die immer aanwesige strewe na dominasie van 'n mark-situasie) het saamgespeel om die huidige konsentrasievlakke in die rooivleisbedryf te bewerkstellig. Die Vleisraad het na alle waarskynlikheid hoogstens 'n betekenisvolle bydrae tot die momentum en instandhouding van die konsentrasieproses verleen.

Tweedens word betoog dat konsentrasie (in die algemeen en spesifiek in die rooivleisbedryf) nie simplisties as die gevolg van owerheidsinnemenging gesien kan word nie, en dat die oorsake van konsentrasie nie simplisties gesoek moet word in òf statutêre innemenging (weens die blote aanwesigheid van statutêre innemenging) òf endogene markomstandighede nie. So 'n siening misken die problematiek van ekonomiese magkonsentrasie en effektiewe mededinging.¹² Die waarheid is waarskynlik veel meer genuanseerd as wat aanvaar word.

Derdens, die belangrikste vraag is hoe om die konsentrasie in die rooivleisbedryf aan te spreek. Om terug te val op die ou stelsel is geen oplossing nie. Allermens word hier ontken dat pleidooie in die landbou vir "ordelike bemarking" dikwels kwalik gekamoeleerde pogings is om belange van sekere gevestigde groepe te beskerm en mededinging te beperk. Maar, minstens moet 'n eng en sydig identifikasie van 'n enkelvoudige (vermeende) oorsaak nie as basis dien vir 'n ewe enkelvoudige beleidsvoorstel nie. Tot dusver is nie oortuigende analitiese en empiriese gronde gebied vir 'n beleidsaanbeveling van eenvoudige owerheidsonttrekking nie. In teenstelling met argumente van Lubbe (1992a) sal 'n ongereguleerde sisteem die konsentrasievlakke in die

rooivleisbedryf waarskynlik onveranderd laat. 'n Meer verbeeldingryke uitweg sal gesoek moet word as blote staatsonttrekking en deregulering.

Een moontlikheid is om mededingingsbeleid op die rooivleisbedryf van toepassing te maak. Dit is egter belangrik om te besef dat laasgenoemde opsie nie 'n toestand in die rooivleisbedryf wat ten minste na effektiewe mededinging neig, sal waarborg nie. Na meer as 'n eeu van *antitrust*-wetgewing in die VSA, beskryf Ward (1990) die situasie as volg: "The controversy surrounding consolidation and relatively high levels of concentration is not new. It has reached a new height in 1990 as concentration in some sectors of the meat industry moved to unprecedented levels". Mededingingsbeleid is in Suid-Afrika nog nie doeltreffend aangewend om bestaande konsentrasiesituasies aan te spreek nie (Fourie, 1987a; 1987b; 1988; 1993).

Daar is waarskynlik geen eenvoudige (en nog minder 'n finale) "oplossing" vir die probleem van konsentrasie en mededinging in 'n komplekse sektor soos die rooivleisbedryf nie. Om dit in simplistiese of ideologies-verengde raamwerke te soek, is egter 'n futiele oefening.

Notas

1. Menings hierin uitgespreek is die van die skrywers en verteenwoordig nie noodwendig die menings van die Vleisraad of enige van sy ampsdraers nie.
2. Hoewel Lubbe (1992a) die identiteit van die drie firmas beskerm deur na firma A, B en C te verwys, is die name van die drie in die finansiële pers onthul (De Villiers, 1992).
3. Die betrokke stelling is dat die hoë mate van horisontale sowel as vertikale konsentrasie wat in die rooivleisbedryf voorkom, "effektief deur die rooivleisbemarkingskema geskep, bevorder en onderhou word" (Lubbe 1991:253, 1992b:78). Darroch (1992:333) stel dit sterker: "Dr Lubbe presented empirical evidence of economic concentration minima in the Red Meat Industry. ... Dr. Lubbe contended that this concentration was caused, promoted and maintained by past restrictive regulations of the Marketing Act".
4. Wat Lubbe (1991:258) wel sê, is dat "... concentration in the red meat industry came about under circumstances of regulated, restricted and selective entry into the industry". Dit beteken natuurlik nie dat hierdie omstandighede dit noodwendig *veroorsaak* het nie.
5. Dit beteken natuurlik nie dat die skema nie ook voordelige effekte kon gehad het nie.
6. Dit blyk dat die beskrywing van die omstandighede in die Suid-Afrikaanse rooivleisbedryf voor die stigting van die Vleisraad, nie uniek was nie. Baumol en Blinder (1982:518) beskryf die aanloop tot die eerste antitrust-wet van 1890 in die VSA en verwys onder andere na "Philip Armour and his confederates [who] obtained control of meat processing by an understanding with their rivals that each day a different one of them would offer a low bid for the morning shipment of cattle and no one else would ever enter a higher bid". Ward (1990:60) verwys as volg na die omstandighede in die VSA: "pricing and competition in the

meatpacking industry has been the focus of controversy periodically since the late 1880's". Ward (1988:2) verwys verder na navorsing gedoen in die laat negentiende eeu in die VSA, wat bevind het dat 85 persent van die mark vir skoongemaakte karkasse in die VSA, deur die sogenaamde Groot Vier beheer was, en dat vleisverpakking in die tyd een van die eerste oligopolistiese nywerhede in die VSA was.

7. Die uiteinde was dat Vleissentraal basies die stryd gewen het: hy het die stelsel en elke fase van bemarking beheer, asook beleidmaking (via die Vleisraad).
8. Purcell (1989:17) beskryf byvoorbeeld konsentrasievorming gedurende die 1980s in die VSA se beesvleisbedryf, en die redes daarvoor, as volg: "massive consolidation of packers, prompted at least in part by the difficult financial times, has quickly created a structure in which only three firms now produce over 80 percent of US boxed beef. The unprecedented numbers of mergers and acquisitions have been justified by the need to reduce costs and garner the financial power to finance crash programs in product development. Consumers simply would not pay the prices needed to keep people employed and maintain anything other than a sharply reduced production base. Decreasing demand for beef, it appears, was the catalyst for forced changes that will shape and influence the beef industry for years to come."
9. 'n Opvallende ander aspek wat aandag verdien is die skielike toename in dominasie van die produsentesektor deur die voerkrale sedert 1983/4. Word ook dit toegeskryf aan die bemarkingskema, of was ander bronne van konsentrasie hier aan die werk? Was daar in die tyd ter sake veranderinge in die skema? Indien nie, is ander faktore waarskynlik verantwoordelik. Lubbe verskaf nie duidelike getuienis hieroor nie.
10. Abakor se statutere beskerming het deur middel van die vleisskema se (opgehefde) beheerdegebiedstelsel geskied. Aangesien hierdie kommentaar op privaatsektorkonsentrasie fokus, word hierdie rede nie as relevant beskou nie.
11. In 'n latere publikasie (Lubbe & Groenewald 1992) word wel blyke getoon van 'n bewustheid dat geslaagde markhervorming 'n meer komplekse proses is.
12. Die omvang en kompleksiteit van die konsentrasieproblematiek en daaruitspruitende beleid in die VSA word treffend deur Stigler (1982) uitgebeeld: "the number of economists, ranging from Nobel prize winners to graduate students no better known than the Unknown Soldier, who are employed in antitrust actions is large, running into the many hundreds".

Bronnelys

- BAUMOL, W J & BLINDER, A S. (1982). *Economics. Principles and Policy*. Harcourt Brace Jovanovich, Inc., New York.
- DARROCH, M A G. (1992). *Concentration in the Agricultural Sector*. *Agrekon*, Vol 31, No 4.

DEACON, N J. (1982). Vleissentraal 1932 - 1982: 50 jaar van vooruitgang. Promedia Publikasies, Silverton.

DEPARTEMENT VAN LANDBOU. (1993). Vleisraad: Opheffing van Verbodsbepalings. Gesamentlike persverklaring deur dr AI van Niekerk, LP, Minister van Landbou en Landbou-ontwikkeling, en dr SJJ van Rensburg, Voorsitter van die Vleisraad. Afdeling Media-dienste, Departement van Landbou, Pretoria.

DE VILLIERS, T. (1992). Waarom prys van vleis hoog bly. . Finansies en Tegniek, 11 September 1992.

DU PLESSIS, P G. (1978). Concentration of economic power in S.A. manufacturing, Tydskrif vir Studies in Ekonomie en Ekonometrie, No 3.

FOURIE, F.C.V.N. (1987a). "Competition policy since 1984 - a new turn?", South African Journal of Economics, September.

FOURIE, F.C.V.N. (1987b). "Issues and problems in South African competition policy", South African Journal of Economics, December.

FOURIE, F.C.V.N. (1988). "The activities and approach of the Competition Board 1980-1983", Journal for Studies in Economics and Econometrics, March.

FOURIE, F.C.V.N. (1993). Economic concentration: a survey and evaluation of policy options, South African Journal of Economics, September.

LEACH, D F. (1990). Monopoly power and the state, in Vorhies en Grant (red.), Liberty and Prosperity: Essays on Limiting Government and Freeing Enterprise in South Africa. Juta & Co, Ltd, Kenwyn.

LUBBE, W F. (1991). Normalising competition in agricultural marketing - the case for red meat in South Africa. Agrekon, Vol 30, No 4.

LUBBE, W F. (1992a). The red meat marketing scheme: An evaluation in a dynamic environment. Ongepubliseerde doktorsproefskrif, Universiteit van Pretoria.

LUBBE, W F. (1992b). Price Stabilization Policies: Has the Meat Scheme Benefitted Beef Producers in South Africa? Agrekon, Vol 31, No 2.

LUBBE, W F & GROENEWALD, J A. (1992). Market reform in the red meat industry. Agrekon, Vol 31, No 4.

NAUDÈ, S J. (1986). South African competition policy: challenges and pitfalls. Moderne Besigheidsreg, Vol 8, No 2.

PURCELL, W D. (1989). The Case of Beef Demand: A Failure by the Discipline. Choices, Second Quarter 1989.

REEKIE, W D. (1990). Privatisation and the distribution of wealth, in Vorhies en Grant (red.), Liberty and Prosperity: Essays on Limiting Government and Freeing Enterprise in South Africa. Juta & Co, Ltd, Kenwyn.

SCHERER, W F & ROSS, D. (1990). Industrial market structure and economic performance, 3rd ed., Houghton Mifflin, Boston.

STIGLER, G J. (1982). The economists and the problem of monopoly. American Economic Review: AEA papers and proceedings, May 1982, Vol 72, No 2.

TREGENNA-PIGGOTT, J V. (1980). The welfare cost of monopoly in South African manufacturing industry. Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Ekonomie, Vol 48, No 2.

VLEISRAAD. (1984). Die vleisraad - sy geskiedenis oor 50 jaar. Pretoria: Die Vleisraad.

VLEISRAAD. (1992). Bemarkingswet, Quo Vadis - Sieninge van die Vleisraad. Voorlegging aan die Komitee van Ondersoek na die Bemarkingswet. Vleisraad, Pretoria.

WARD, C E. (1988). Meatpacking Competition and Pricing. Research Institute on Livestock Pricing, Blacksburg, Virginia.

WARD, C E. (1990). Structural Change: Implications for Competition and Pricing in the Feeder-Packer Subsector. In Purcell, W. (red.), Structural Change in Livestock: Causes, Implications, Alternatives. Research Institute on Livestock Pricing, Blacksburg, Virginia.

Summary

The first argument put forward in this contribution is that inadequate proof exists for the sentiment that the current trade concentration in the red meat industry can primarily or even exclusively be laid at the door of the Meat Board's meat scheme, as the instrument which causes and maintains this.

It is hereby contended that the trade concentration already existed prior to the establishment of the Meat Board and the Scheme, and concentration in the red meat industry would have taken place in any case, with or without the existence of the Meat Board. Other factors (normal business economical reasons as well as the ever-present striving to dominate a market situation) contributed to bringing about the current concentration levels in the red meat industry. The Meat Board most likely only contributed significantly to the momentum and maintenance of the concentration process.

The second argument is that concentration (in general and in the red meat industry in particular) cannot be regarded simplistically as the result of government intervention, with the causes being sought in either statutory intervention (simply due to the presence of statutory intervention) or endogenous market conditions. Such view is a denial of the problematic nature of economic power concentration and effective competition. The truth probably has many more nuances than is accepted.

Thirdly, the most important question is how to address the concentration in the red meat industry. To fall back on the old system is not a solution. At least a narrow and one-sided identification of a simple (alleged) cause should not serve as basis for an equally simple policy proposal. Up till now no convincing analytical and empirical grounds have been given for a policy proposal of simple government withdrawal. Contrary to certain arguments the concentration levels in the red meat industry would probably remain unchanged in an unregulated system. A more creative solution than simple government withdrawal and deregulation will have to be found.